BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

30c Donderdag 9 Oktober 1980 WINDHOEK Thursday 9 October 1980 No. 4291

Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

N. J. DAVIN
Sekretaris van die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika

Windhoek

No. AG. 158 9 Oktober 1980

AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979 (Proklamasie AG. 21 van 1979), deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 19 van daardie Proklamasie:-

No. 17 van 1980 Wysigingswet op Hereregte, 1980

Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

N. J. DAVIN
Secretary of the National Assembly of South West Africa

Windhoek

No. AG. 158 9 October 1980

PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

The following Act, which has been adopted by the National Assembly of South West Africa and signed by the Administrator-General in terms of the National Assembly Proclamation, 1979 (Proclamation AG. 21 of 1979) is hereby published in terms of section 19 of that Proclamation :-

No. 17 of 1980 Transfer Duty Amendment Act, 1980

Wet No. 17, 1980

WYSIGINGSWET OP HEREREGTE, 1980

(Afrikaanse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 7 Oktober 1980)

WET

Tot wysiging van die Wet op Hereregte, 1949, ten einde voorsiening te maak vir die vermindering van hereregte wat deur natuurlike persone betaalbaar is; vir verdere vrystellings van hereregte; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 2 van Wet 40 van 1949, soos vervang deur artikel 2 van Wet 77 van 1964 en gewysig deur artikel 1 van Wet 56 van 1966, artikel 2 van Wet 66 van 1973 en artikel 3 van Wet 88 van 1974.

1. (1) Artikel 2 van die Wet op Hereregte, 1949 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur in paragraaf (b) van subartikel (1) die uitdrukking "twintigduisend", oral waar dit voorkom, deur die uitdrukking "dertigduisend" te vervang.

(2) Subartikel (1) tree op 1 Oktober 1980 in werking en is van toepassing ten opsigte van enige verkryging van eiendom of enige afstand van 'n belang in of beperking op die gebruik van of beskikking oor eiendom op of na daardie datum.

Wysiging van artikel 9 van Wet 40 van 1949, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 31 van 1953, artikel 12 van Wet 80 van 1959, artikel 3 van Wet 70 van 1963, artikel 3 van Wet 77 van 1964, artikel 1 van Wet 81 van 1965, artikel 7 van Wet 103 van 1969, artikel 2 van Wet 89 van 1972, artikel 3 van Wet 66 van 1973, artikel 5 van Wet 88 van 1974 en artikel 77 van Wet 54 van 1976.

2. (1) Artikel 9 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

" (11) Geen hereregte is betaalbaar nie ten opsigte van die verkryging by wyse van 'n transaksie gesluit op of na 1 Oktober 1980 deur 'n natuurlike persoon van die volle eiendomsreg op —

(a) eiendom bestaande uit grond en 'n woonhuis daarop of uit 'n woonstel en 'n onverdeelde aandeel in gemeenskaplike eiendom wat besit word ingevolge 'n deeltitelbewys in die Wet op Deeltitels, 1971 (Wet 66 van 1971), beoog, indien die waarde van daardie eiendom, bepaal ooreenkomstig die bepalings van artikels 5, 6, 7 en 8, nie dertigduisend rand te bowe gaan nie; of

(b) enige onverbeterde grond verkry ten einde daarop 'n woonhuis op te rig, indien die waarde van daardie grond, bepaal ooreenkomstig die bepalings van artikels 5, 6, 7 en 8, nie twaalfduisend rand te bowe gaan nie.".

(2) Subartikel (1) tree op 1 Oktober 1980 in werking.

Kort titel.

3. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Hereregte, 1980.

TRANSFER DUTY AMENDMENT ACT, 1980 **Act No. 17, 1980**

(Afrikaans text signed by the Administrator-General on 7 October 1980)

ACT

To amend the Transfer Duty Act, 1949, so as to provide for the reduction of transfer duty payable by natural persons; for further exemptions from transfer duty; and for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the National Assembly of South West Africa, as follows:—

1. (1) Section 2 of the Transfer Duty Act, 1949 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution in paragraph (b) of subsection (1) for the expression "twenty thousand", wherever it occurs, of the expression "thirty thousand".

Amendment of section 2 of Act 40 of 1949, as substituted by section 2 of Act 77 of 1964 and amended by section 1 of Act 56 of 1966, section 2 of Act 66 of 1973 and section 3 of Act 88 of 1974.

(2) Subsection (1) shall come into operation on 1 October 1980 and shall apply in respect of any acquisition of property or any renunciation of an interest in or restriction upon the use or disposal of property upon or after that date.

2. (1) Section 9 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

Amendment of section 9 of Act 40 of 1949, as amended by section 3 of Act 31 of 1953, section 12 of Act 80 of 1959, section 3 of Act 70 of 1963, section 3 of Act 77 of 1964, section 1 of Act 81 of 1965, section 7 of Act 103 of 1969, section 2 of Act 89 of 1972, section 3 of Act 66 of 1973, section 5 of Act 88 of 1974 and section 77 of Act 54 of 1976.

" (11) No duty shall be payable in respect of the acquisition by way of a transaction concluded on or after 1 October 1980 by a natural person of the full ownership in —

(a) any property consisting of land and any dwelling-house thereon or of a residential apartment and an undivided share in common property held in terms of a sectional title deed contemplated in the Sectional Titles Act, 1971 (Act 66 of 1971), if the value of such property, determined in accordance with the provisions of sections 5, 6, 7 and 8, does not exceed thirty thousand rand; or

(b) any unimproved land acquired for the purpose of erecting a dwelling-house thereon, if the value of such land, determined in accordance with the provisions of sections 5, 6, 7 and 8, does not exceed twelve thousand rand.".

(2) Subsection (1) shall come into operation on 1 October 1980.

3. This Act shall be called the Transfer Duty Amendment Act, 1980.

Short title.